

HET EK MAAR GEWEET

'n Handleiding vir parool:
geskryf deur mense op parool vir mense op parool

Zonk'izizwe Odds Development en Beyond the Bars, gerugsteun deur Sonke
Gender Justice



WIE IS ONS?

Zonk'izizwe Odds Development is 'n Johannesburg-gebaseerde organisasie sonder winsoogmerk wat deur mense wat gevangenisstraf uitdien en uitgedien het (gevangenes en voormalige gevangenes), gestig is en bedryf word. Dit werk om die herintegrasie van mense op parool en ander mense wat voorheen in die gevangenis was terug in hul gemeenskappe te ondersteun, en maak voorspraak vir die transformasie van gevangenis in Suid-Afrika om die veiligheid en menswaardige behandeling van alle aangehoudenes te verseker.

Sonke Gender Justice is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat nasionale- en streeksvlak met regerings, burgerlike samelewingsinstellings en burgers saamwerk om geslagsgelykheid te bevorder, geslagsgebaseerde geweld te voorkom en die verspreiding en impak van MIV en Vigs te beperk. As deel van sy werk, maak Sonke voorspraak om die tronkstelsel in Suid-Afrika te transformeer deur 'n kombinasie van gemeenskapsonderrig en mobilisering, werwing van invloed van besluitnemers, mediaveldtogte en litigasie (hofsake).

Beyond the Bars is 'n ondersteuningsgroep vir mense wat voorheen gevangenes was, wat uit Gugulethu en Langa in die Wes-Kaap werk. Dit is in die lewe geroep deur personelede van Sonke Gender Justice om mense op parool en mense wat voorheen gevangenes was, te help met herintegrasie in hul gemeenskappe.

Geskryf deur: Thulani Ndlovu, Lesley Sibanda, Nabeelah Mia en Ariane Nevin

Erkennings: Monwabisi Mbetane, Marlise Richter, Venessa Padayachee en die Detention Justice Forum. Maart 2018

Kopiereg Sonke Gender Justice 2018. Hierdie werk is gelisensieer onder die Creative Commons Attribution-NonCommercial 4.0 Internasionale Lisensie. Om 'n afskrif van hierdie lisensie te sien, besoek <http://creativecommons.org/licenses/by-nc/4.0/> of rig 'n skrywe aan Creative Commons, Posbus 1866, Mountain View, CA 94042, VSA.

INHOUDSOPGAW

1.	Die Doel Van Hierdie Handleiding	4
2.	Wat Is 'Parool'?.....	4
3.	Wanneer Kwalifiseer Ek Vir Parool?	4
4.	Wat Is 'Paroolvoorwaardes' En Hoe Sal Dit My Affekteer?	5
5.	Proses Vir Verifikasie Van Adres	6
6.	Wat Is Die Voordele En Uitdagings Van Parool?	7
	Voordele	7
	Uitdagings.....	8
7.	Wenke Van Mense Op Parool Oor Hoe Om Parool Te Hanteer	10
8.	Stigma En Hoe Om Dit Die Hoof Te Bied.....	12
	Wat Is Stigma?.....	12
	Takel Stigma	12
9.	Toegang Tot Gesondheidsorg	14
	Mense Op Parool En Miv.....	14
10.	Skrapping Van Kriminele Rekords.....	15
	Hulpbronne	17

1. DIE DOEL VAN HIERDIE HANDLEIDING

Hierdie handleiding is geskep deur mense op parool en voormalige gevangenes om mense op parool te help om voor en na vrylating meer te wete te kom oor wat parool is en hoe dit werk, en om steun te bied vir aanpassing by die lewe onmiddellik ná die tronk. Onthou dat hierdie handleiding baie kort is en slegs die basiese goed vir jou kan bied. Vir meer inligting moet jy in verbinding tree met die organisasies wat onder 'Hulpbronne' gelys is.

2. WAT IS 'PAROOL'?

'Parool', wat soms 'korrektiewe toesig' genoem word, is wanneer 'n gevonnise gevangene die geleentheid kry om sy of haar vonnis buite die tronk uit te dien onder die toesig van Gemeenskapskorreksies – die onderafdeling van die Departement van Korrektiewe Dienste wat verantwoordelik is om toesig uit te oefen oor mense op parool nadat hulle vrygelaat is.



Parool is bedoel om mense op parool in staat te stel om 'n misdadrvye en maatskaplik verantwoordelike lewe te leef, om gerehabiliteer te word en om hulle te help met herintegrasie in hul gemeenskappe.¹

3. WANNEER KWALIFISEER EK VIR PAROOL?

Gevangenes het nie 'n wettige reg op parool nie.² Parool word as 'n voorreg geag en kan deur die Korrektiewe Toestighoudings- en Paroolraad toegestaan of geweier word of, in die geval van gevangenes wat tot lewenslank gevonniss

¹ Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998, Artikel 50.

² Artikel 73(1) van die Wet op Korrektiewe Dienste bepaal dat, onderhewig aan ander bepalings van die wet, 'n gevonnise oortreder in 'n korreksiesentrum moet bly vir die volle tydsduur van sy vonnis.

is, deur die Minister van Korrektiewe Dienste. Die wet sê egter dat, as 'n gevangene kan wys dat hy of sy gerehabiliteer is en nie 'n gevaar vir die samelewing inhou nie, daar geen rede is waarom hy of sy nie uit parool kan voordeel trek nie.³ Daar is baie faktore wat affekteer of jy parool sal kry al dan nie. As jy sukkel om parool te kry, is dit die beste om 'n regsadviseur te raadpleeg. Kontakbesonderhede vir regsadviseurs word ingesluit in die 'Hulpbronne'-afdeling agter in hierdie handleiding.

As jy vir 'n tydperk van minder as twee jaar tot gevangenisstraf gevonniss is, sal jy in aanmerking kom vir parool sodra jy die nie-paroolgedeelte wat in jou vonnis gestipuleer is, uitgedien het. Indien geen nie-paroolgedeelte gestipuleer is nie, sal jy in aanmerking kom vir parool sodra jy 'n kwart van jou vonnis uitgedien het.⁴

As jy vir 'n tydperk van meer as twee jaar tot gevangenisstraf gevonniss is, sal jy in aanmerking kom vir parool sodra jy die nie-paroolgedeelte wat in jou vonnis gestipuleer is, uitgedien het. Indien geen nie-paroolgedeelte gestipuleer is nie, sal jy in aanmerking kom vir parool sodra jy die helfte van jou vonnis uitgedien het.⁵

As jy tot lewenslange gevangenisstraf gevonniss is, moet jy minstens 25 jaar van jou vonnis uitdien voordat jy vir parool in aanmerking kom. As jy 'n vonnis of kumulatiewe vonnisse van **meer as 25 jaar uitgedien het, moet parool oorweeg word.⁶**

4. WAT IS 'PAROOLVOORWAARDES' EN HOE SAL DIT MY AFFEKTEER?

Sodra jou parool toegestaan word, is jou vrylating tot gemeenskapstoegig gewoonlik onderhewig aan 'n aantal voorwaardes.⁷ Die doel van hierdie voorwaardes is om mense op parool te help met hul rehabilitasie en om hul gemeenskappe te beskerm deur te voorkom dat mense op parool nog misdade pleeg.

³ Dit was gehandhaaf deur die hof in die saak van *Motsemme v Minister van Korrektiewe Dienste en ander* 2006 (2) SACR 277(W).

⁴ Wet op Korrektiewe Dienste, Artikel 73(6)(aA).

⁵ Wet op Korrektiewe Dienste, Artikel 73(6)(a).

⁶ Wet op Korrektiewe Dienste, Artikel 73(6)(b)(iv).

⁷ Dit word uiteengesit in Artikel 52 en 59-72 van die Wet op Korrektiewe Dienste.

Hierdie voorwaardes kan insluit:

- om geen verdere misdade te pleeg nie;
- om by 'n vaste adres te woon;
- om nie alkohol te drink of dwelms te gebruik nie;
- om werk te soek;
- om 'n aandklokkeël te hê (wat van jou vereis om tuis te wees tussen sekere ure);
- deelname aan gemeenskapsdiens; en
- om deur Gemeenskapskorreksies gemonitor te word.

Mense op parool word geklassifiseer as 'lae risiko', 'medium risiko' of 'hoë risiko' op grond van hul skuldigbevinding en vonnis. Verskillende paroolvoorwaardes geld vir elke kategorie. Jou risikoklassifikasie kan wel verander as jy nie jou paroolvoorwaardes oortree nie en deur steeds te wys dat jy gerehabiliteer is.

Aan die begin van jou parool, vereis die Wet op Korrektiewe Dienste dat 'n korrektiewe beampte jou skriftelik van jou paroolvoorwaardes moet verwittig. As jy nie kan lees nie, moet hulle jou mondelings verwittig en moet jy bevestig dat hulle dit gedoen het.

5. PROSES VIR VERIFIKASIE VAN ADRES

Wanneer gevangenes aansoek doen om parool deur die tersaaklike Saakbestuurkomitee by hul Korrektiewe Sentrum, moet hulle die adres aan die Korrektiewe Dienste en Paroolraad voorsien waar hulle sal woon as hul parool toegestaan word. Die volgende is nuttige wenke om in gedagte te hou wanneer 'n adres voorsien word:

- Indien moontlik, probeer om 'n adres te gee wat naby 'n dienspunt is wat voorsiening maak vir werklose mense op parool, sodat jy maklik toegang kan kry sonder om lang afstande te moet reis en geld hoef te bestee om dit te doen;
- Hou in gedagte dat, as jy enige amptelike sake ten opsigte van jou parool gedoen moet kry, soos om aan te meld vir oortredings van parool, jy na Gemeenskapskorreksiesentrums sal moet reis wat nie in elke gemeenskap geleë is nie en hierdie reiskoste sal vir jou eie sak wees.



As jy jou geverifieerde adres moet verander, moet jy hierdie proses volg:

- Gaan na jou aangewese Gemeenskapskorreksiesentrum (Sentrum) en doen aansoek om 'n verandering in geverifieerde adres deur die toegewese vorm in te vul. Die aansoek sal 14 werksdae neem om te verwerk.
- Jou aangewese Sentrum sal jou aansoek na die nuwe Sentrum naby jou nuwe beoogde woonadres faks. Die amptenare by die nuwe Sentrum sal die adres besoek om te verifieer dat dit bestaan en dat jy daar sal kan woon. Sodra hulle die adres geverifieer het, sal hulle 'n positiewe verslag aan jou aangewese Sentrum stuur.
- As 'n positiewe verslag aan jou aangewese Sentrum gestuur word, moet jy jou aangewese Sentrum besoek, die toegewese vorm voltooi en 'n afskrif hiervan na jou nuwe Sentrum toe neem. Intussen sal die amptenare by die aangewese Sentrum jou lêer by die nuwe Sentrum aflewer (of pos as jou nuwe Sentrum in 'n ander provinsie geleë is).
- Jy sal 'n rede moet gee vir jou adresverandering. Dink mooi oor waarom jy jou adres verander en of dit nodig is.
- As daar 'n noodgeval is en jy geen keuse het as om te trek voordat die aansoek verwerk kan word nie, moet jy in verbinding tree met jou toegewese paroolbeampte om dit met hom of haar te bespreek.

6. WAT IS DIE VOORDELE EN UITDAGINGS VAN PAROOL?

VOORDELE

Hierdie is van die voordele wat mense op parool en diegene wat voorheen in die gevangenis was, opgemerk het:

- Jy is nie in die tronk toegesluit nie. Hoewel parool beperkings op jou plaas, sal jy die geleentheid hê om 'n gedeelte van jou vonnis buite die tronk, in jou gemeenskap, uit te dien.
- Jy sal 'n lewe buite kan leef en toegang kan kry tot die geleenthede wat beskikbaar is aan mense wat voorheen in die gevangenis was om jou lewe weer op koers te kry.
- Jy sal 'n geleentheid hê om die foute reg te stel wat jy gemaak het wat daartoe gelei het dat jy tronk toe is.

- Jy sal 'n geleentheid hê om weer bande met jou familie en vriende op te tel.
- Jy sal dalk toegang hê tot meer geleenthede vir onderrig, om vaardighede op te doen of om werk te kry as wat jy in die tronk sou hê.
- Jy sal erkenning van jou waardigheid buite die tronk kry op maniere wat jy dalk nie in die tronk sou kry nie.



“Die tronk is nie 'n veilige plek nie. Dit is die een ding wat die meeste van ons voel terwyl jy in die tronk is. Die oomblik wat jy in 'n vangwa klim, weet jy nou gaan jy polisiestatie toe en dan, na die polisiestatie, is dit die tronk en dan voel jy hoe jou gedagtegang verander en jy begin dink aan jouself as 'n gevangene . . . daar is 'n sekere denkwysie in die tronk . . . [en] jy slaap nie in die tronk soos jy buite slaap nie. Jy rus nie in die tronk nie . . . jy is altyd op jou hoede. In die tronk is jy altyd versigtig. Jy moet altyd waaksaam wees.” – Lid van Beyond the Bars

UITDAGINGS

Om op parool te wees, hou 'n aantal voordele in wat dit meer aantreklik maak as om tyd in die tronk uit te dien, maar onthou dat parool steeds moeilik kan wees. Hierdie is van die uitdagings wat mense op parool en diegene wat voorheen in die gevangenis was, ervaar het:

- Dit kan moeilik wees om weer jou familie en gemeenskap se vertroue te wen. Dikwels word jy gestigmatiseer weens jou kriminele rekord en mense bejeën jou met agterdog. Jy kan hierdie gesindhede teëstaan, mits jy voel dis veilig om dit te doen. (Vir meer inligting, sien 'Stigma en hoe om dit die hoof te bied' op bladsy 12.)
- Om werk te kry kan moeilik wees omdat jy dalk nie in die tronk na behore voorberei was om werk te soek nie, en jy het dalk gapings in jou curriculum vitae ('CV'). Baie werkgewers wil dalk nie iemand met 'n kriminele rekord in diens neem nie, maar jou familie kan steeds van jou verwag om vir hulle te sorg en jou paroolbeampte kan van jou verwag om onmiddellik ná jou vrylating werk te kry. Jy moet kan geldmaak om sekere noodsaaklikhede, soos toiletware en kos, te koop nou dat jy dit nie meer in die tronk ontvang nie.

- Paroolvoorwaardes is beperkend en moeilik om te volg, en maak dit moeilik om vir werk te soek. Wanneer jy in die tronk is en jy in aanmerking kom vir parool, is jy dalk nie voorbereid op die beperkende en moeilike omstandighede en hoe dit jou sal affekteer nie.
- Die Wet op Korrektiewe Dienste bepaal dat alle gevonnise gevangenes voorbereid moet wees op plasing, vrylating en herintegrasie in die samelewing deur aan 'n voor-vrylatingsprogram deel te neem.⁸ Oor die algemeen is daar egter aangemeld dat die voor-vrylatingsprogramme wat in die tronk aangebied word, jou nie na behore voorberei vir die wêreld daarbuite nie. Soms het jy nie eens 'n geleentheid om 'n voor-vrylatingsprogram in die tronk by te woon nie.
- Jy sal op gereelde grondslag by Gemeenskapskorreksies moet aanmeld. Dit kan verg dat jy uit jou buurt moet reis en dit sal moeilik wees as jy nie enige geld of 'n ondersteunende familielid of vriend het om jou te neem nie.
- Dit kan moeilik wees om 'n kliniek en toegang tot chroniese medikasie, soos TB- en MIV-medikasie, te kry. As jy sukkel om 'n kliniek te kry, kan jy die Nasionale Vigshulplyn skakel. Die nommer is in die 'Hulpbronne'-afdeling agter in hierdie handleiding.
- Dit gebeur dikwels dat paroolbeamptes nie vir jou sê wanneer hulle jou sal besoek om te kyk dat jy jou paroolvoorwaardes nakom nie. Jy moet op gegewe tye tuis wees om te verseker dat jy nie jou paroolvoorwaardes oortree nie.
- Dit kan dikwels moeilik en duur wees om jou paroolvoorwaardes na te kom. Byvoorbeeld, as jy nie geld het nie, sal jy nie lugtyd kan koop om jou paroolbeampte te kontak as jy laat is en waarskynlik jou aandklok gaan mis nie.
- As jy nie 'n hulpvaardige paroolbeampte het nie, of jy het nie 'n goeie verhouding met jou paroolbeampte nie, kan parool moeilik wees. Die paroolstelsel is oop vir misbruik deur amptenare wat nie simpatiek teenoor gevangenes en voormalige gevangenes is nie. As jou paroolbeampte sy of haar mag misbruik, of korrup blyk te wees, kan jy 'n klagte by die Hoof van

⁸Wet op Korrektiewe Dienste, Artikel 45(1). Meer inligting is beskikbaar by http://www.dcs.gov.za/?page_id=317.

jou Gemeenskapskorreksiesentrum of die tersaaklike Areakommissaris indien. As dit misluk, kan jy ook by die Openbare Beskermer aanklop vir hulp.



“Die paroolstelsel het nooit in ag geneem dat wanneer jy vrygelaat word, jy teruggaan na mense toe wat jy te na gekom het nie. Al het jy 'n motor, 'n pak klere of 'n huis . . . vir die mense sal jy 'n gevangene bly . . . wanneer jy uit die tronk kom, kom jy na 'n plek toe. Die mense kyk met ander oë na jou . . . daar is mense wat vir jou sal omgee, maar die ander 80% is nie goed voorbereid nie.” — Lid van Beyond the Bars

7. WENKE VAN MENSE OP PAROOL OOR HOE OM PAROOL TE HANTEER

- ✚ Werk daaraan om 'n goeie verhouding met jou paroolbeampte te bou en sy of haar vertroue te wen. Vra sy of haar raad oor hoe om die probleme wat jy trotseer te hanteer.
- ✚ Vra die personeel by jou Gemeenskapskorreksiesentrum uit oor werks- en vaardighedsontwikkelingsgeleenthede.
- ✚ Doen jou bes om nie jou paroolvoorwaardes te oortree nie. As jy besorg is dat jy 'n voorwaarde van jou parool sal oortree, soos jou aandklokkeël, maak jou paroolbeampte bedag daarop voordat dit gebeur.
- ✚ Bly weg van mense wat daartoe kon bydra dat jy in die eerste plek tronk toe gestuur is of van gewoontes wat jou oordeel kan beïnvloed, soos deur te veel te drink of dwelms te gebruik. Moenie tyd deurbring met mense wat waarskynlik betrokke is in misdad, 'n gedrinkery of dwelmgebruik nie.
- ✚ Ontwikkel 'n sterk ondersteuningsnetwerk benewens jou familie en vriende. Sluit aan by 'n ondersteuningsgroep vir mense op parool of nader 'n gemeenskapsgebaseerde, geloofsgebaseerde of nie-regeringsorganisasie wat met mense op parool of voormalige gevangenes werk. As jy nie weet van enige ondersteuningsgroepe vir mense op parool in jou area nie, begin jou eie.

- ✚ Terwyl jy in die tronk is en uit is op parool, moet jy elke geleentheid aangryp om jou vaardighede te ontwikkel en jou CV te verbeter – dit is 'n dokument wat besonderhede oor jou loopbaan en opvoeding aan potensiële werkgewers bied.
- ✚ Terwyl jy vir werk soek, werk vrywillig by organisasies wat hulp nodig het. Hierdie organisasies sal jou dienste waardeer en dit sal jou help om jou vaardighede te ontwikkel en 'n netwerk saam te stel.
- ✚ Wees kreatief wanneer jy vir werk soek. Dit is dikwels makliker om jou eie werk te skep as om werk te kry, so as jy 'n bietjie geld het wat jy kan gebruik, wend dit aan om 'n onderneming te begin. Kyk na die hulpbronlys agter in hierdie handleiding vir organisasies wat kan help met entrepreneurskapsopleiding en -ondersteuning.
- ✚ In party gevalle het jou verhoudings met jou familie en vriende dalk skade gely, en dit sal dalk moeilik wees om hierdie verhoudings te herstel. Hou egter aan om daaraan te werk en wys vir hulle dat jy jou bes doen. Daar is sekere organisasies wat ook hiermee kan help. Sien die 'Hulpbronne'-afdeling agter in hierdie handleiding.
- ✚ Jy sal dalk stigma in jou gemeenskap ervaar en dit sal tyd verg om dit te oorkom. Om werk te kry moet egter een van jou eerste prioriteite wees. As die gemeenskap eers sien dat jy probeer, sal hulle hopelik begin om jou te vertrou. Vrywillige gemeenskapsdiens kan jou ook help om weer jou gemeenskap se vertroue te wen. Bied jou dienste aan by gemeenskapsgebaseerde organisasies in die gebiede waarvoor jy 'n passie het.
- ✚ As jy uit is, wees proaktief om 'n maatskaplike werker te sien en berading te soek vir addisionele ondersteuning. Die maatskaplike werker sal jou van potensiële werkseleenthede voorsien en jou in die rigting van nuttige konneksies wys. Maatskaplike dienste is beskikbaar by Gemeenskapskorreksiesentrums, asook deur NRO's.
- ✚ Neem deel aan aktiwiteite wat jou gelukkig maak, soos sport, lees, draf en ander groepaktiwiteite.
- ✚ Vra vir hulp en ondersteuning as jy dit nodig het.



“Wees dikvellig en sluit aan by 'n ondersteuningsgroep.” — Lid van Beyond the Bars

8. STIGMA EN HOE OM DIT DIE HOOF TE BIED

WAT IS STIGMA?

Stigma is die samelewing se negatiewe gesindhede wat skande aan individue of groepe koppel weens eienskappe soos hul MIV-status, 'n gestremdheid, nasionaliteit of kriminele rekord. Hierdie gesindhede kan ook deur die media versterk word. Stigma kan lei tot diskriminasie en menseregteskendings en kan mense se waardigheid in gedrang bring.

Iemand se persepsie dat hy of sy gestigmatiseer word, is skadelik, selfs as vind geen werklike diskriminasie plaas nie, aangesien dit dikwels iemand se optrede beïnvloed. Byvoorbeeld, dit kan iemand wat op parool is daarvan weerhou om vir sekere werke aansoek doen omdat hulle nie glo dat hul aansoek suksesvol sal wees nie, of dit kan hulle ontmoedig om gesondheidsorg by 'n gemeenskapskliniek te kry uit vrees dat daar op grond van hul kriminele rekord teen hulle gediskrimineer sal word. Stigma teen mense op parool en mense wat tevore gevangenes was, is geïdentifiseer as 'n struikelblok om weer in gemeenskappe geïntegreer te word, gevolglik is dit belangrik om daarvan kennis te dra en om proaktief te wees om dit die hoof te bied.

Voor hul vrylating, bekommer baie gevangenes hulle oor stigma en hoe dit hul verhoudings en werksgeleenthede sal beïnvloed. Mense op parool en mense wat tevore gevangenes was, kan inderdaad stigma en diskriminasie in hul gemeenskappe in die gesig staar. Daar is egter 'n hele paar aksies wat jy kan doen om stigma te takel of te voorkom.

TAKEL STIGMA

Dit kan moeilik wees om stigma aan te spreek en as jy voel dat dit jou in gevaar sal stel deur dit wel te doen, is dit heeltemal aanvaarbaar om nie op te tree nie. Stigma kan egter stresvol wees en jou minderwaardig laat voel. As jy vind dat stigma 'n negatiewe impak op jou welsyn en verhoudings het en jy wil

stappe doen om dit aan te spreek, is daar 'n paar goed wat jy kan doen om stereotipes af te breek en 'n nuwe beeld vir jouself en ander mense op parool te bou.

- ✚ Leer hoe om stigma te herken en staan dit teë wanneer jy sien dat iemand anders dit ervaar, selfs al hou die stigma nie verband met hul kriminele rekord nie.
- ✚ Soek ondersteuning en aanvaar hulp, hetsy van vriende of familie, ondersteuningsgroepe of deur organisasies wat berading bied (sien die 'Hulpbronne'-afdeling agter in hierdie handleiding).
- ✚ Onderrig jouself en lig ander mense in, of dit nou gaan oor die geskiedenis van gevangenis, die impak van gevangenis op die gemeenskap of die lae voorkomssyfers van parooloortredings. Knoop insiggewende gesprekke aan met vriende, familielede en kollegas. Jy kan selfs praat oor jou eie ervarings as jy veilig voel om dit te doen.
- ✚ Probeer om betrokke te raak in jou gemeenskap. Sluit aan by straatkomitees of gemeenskapspolisiëringsforums. Neem deel aan vrywillige aktiwiteite om die gemeenskap te verbeter of sluit aan by 'n plaaslike sportspan. Dit sal vir mense wys dat mense met kriminele rekords wel 'n sinvolle bydrae kan lewer en dit sal help om negatiewe beelde oor mense op parool en mense wat voorheen gevangenes was, hok te slaan.
- ✚ Herinner mense dat mense op parool oor baie positiewe eienskappe en vaardighede beskik, en dat baie van hulle 'n nuwe blaadjie omgeblaai het en nie veroordeel moet word net omdat hulle 'n kriminele rekord het nie.
- ✚ As jy diskriminasie deur 'n verskaffer van gesondheidsorg of 'n regeringsamptenaar ervaar, jou paroolbeampte ingesluit, is dit belangrik om dit teen te staan. Jy kan dit doen deur 'n klagte by die amptenaar se toesighouer in te dien of deur klagteblitslyne. As dit ongeslaagd is, kan jy ook 'n klagte by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie of by die Openbare Beskermer aanhangig maak. Kontakbesonderhede vir hierdie liggame sowel as klagteblitslynommers is vervat in die 'Hulpbronne'-afdeling agter in hierdie handleiding.

9. TOEGANG TOT GESONDHEIDSORG

Gevangenes binne-in die gevangenis het dikwels toegang tot gesondheidsorg soos dokters en medikasie, hoewel gevangenisgesondheidsorgstelsels nie altyd van voldoende gehalte is nie. Wanneer jy vrygelaat word, is dit belangrik om 'n kliniek en toegang tot medikasie te kry.

Dit kan soms moeilik wees. 'n Paar van die uitdagings wat jy dalk in die gesig staar, sluit die volgende in:

- Moeilik om 'n kliniek wat jou gemeenskap bedien naby jou woonplek te kry, aangesien elke kliniek spesifieke gemeenskappe sal dien en nie ander gemeenskappe nie.
- Om in lang rye by 'n kliniek te moet wag omdat daar talle mense is wat toegang tot openbare gesondheidsdienste probeer kry.
- Stigma van die gemeenskap oor jou MIV- of TB-status. Onthou dat jou status vertroulik is en dat niemand behalwe jyself die reg het om jou status openbaar te maak nie.

MENSE OP PAROOL EN MIV

Hoewel jy dalk diskriminasie deur gesondheidswerkers ervaar, moet jy in gedagte hou dat jy 'n **grondwetlike reg** op gesondheidsorg het en dat jy nie toegang tot behandeling vir MIV en TB of ander chroniese siektes geweier mag word nie. As jy van mening is dat daar teen jou gediskrimineer is, kan jy by die bestuurder van die hospitaal of kliniek gaan kla.

Onthou: As jy behandeling begin ontvang het, veral antiretrovirale- (ART) of TB-medikasie, is dit baie belangrik dat jy volhou om jou behandeling te neem en dat jy dit nie oorslaan nie, aangesien dit jou siek sal maak en jy veel sterker en duurder medikasie sal benodig om jou te behandel.

Vra jou dokter in die gevangenis oor hoe jy sekere gesondheidsprogramme waarby jy in die gevangenis betrokke is, kan voortsit nadat jy vrygelaat is. Vra by die korrektiewe sentrum se kliniek vir 'n maand se voorraad van jou medikasie, asook vir jou mediese lêer. Sodra jy vrygelaat is, moet jy dit 'n saak van prioriteit maak om 'n kliniek te kry waar jy jou behandeling kan voortsit.

10. SKRAPPING VAN KRIMINELE REKORDS

Skapping is 'n prosedure waarvolgens iemand se kriminele rekord wettig uit die Nasionale Kriminele Register verwyder word. Ingevolge Artikel 271B van die Strafproseswet⁹, kan sekere mense op parool en mense wat voorheen gevangenes was, daarin slaag om hul kriminele rekords te laat skrap. Nie almal kwalifiseer vir die skapping nie en dit hang gewoonlik af van die vonnis wat jy vir jou oortreding gekry het. Wat hierna volg, is 'n baie eenvoudige verduideliking van die minimum kriteria waaraan jy moet voldoen om aansoek te doen vir die skapping van jou kriminele rekord. **Vir meer inligting, beveel ons aan dat jy die Departement van Justisie se webwerf raadpleeg, of dat jy met 'n regsadviseur praat.**

Jy kwalifiseer om aansoek te doen vir die skapping van 'n kriminele rekord met betrekking tot 'n misdryf as daar aan al die volgende vereistes voldoen word:

1. Tien jaar het verloop sedert die datum van skuldigbevinding vir daardie misdryf;
2. Jy het nie 'n vonnis van direkte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n ander oortreding tydens daardie tien jaar gekry nie; en
3. Jy het enige van die volgende vonnisse vir die oorspronklike oortreding gekry:
 - Jy het 'n vonnis in die vorm van 'n boete van slegs R20 000 of minder gekry;
 - Jy het 'n vonnis van lyfstraf gekry voordat lyfstraf ongrondwetlik verklaar is;
 - Jy het gevangenisstraf of die keuse van 'n boete van R20 000 of minder gekry;
 - Jy is gevonnisd tot gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is;
 - Jy het 'n vonnis van korrektiewe toesig of periodieke gevangenisstraf gekry;
 - Jy is skuldig bevind aan 'n misdadad waarvoor daar geen voorgeskrewe minimum straf is nie (byvoorbeeld minder ernstige misdade wat nie verkragting, aanranding of moord is nie) en jou vonnisoplegging is uitgestel of jy is gewaarsku en vrygelaat onderhewig aan die bepalinge van die Strafproseswet;
 - Jy is daaraan skuldig bevind dat jy sekere wette op grond van jou ras oortree het of van 'n misdryf wat nie na 27 April 1994 onder die grondwetlike bedeling as 'n misdryf in 'n oop en demokratiese

⁹ Strafproseswet, Wet 51 van 1977.

samelewing wat op menswaardigheid, gelykheid en vryheid gegrond is, beskou sou word nie.

Jy sal nie kwalifiseer om aansoek te doen vir skrapping nie as:

- 'n Tydperk van 10 jaar nie verstryk het sedert jou skuldigbevinding vir die misdryf nie, BEHALWE vir oortredings wat ras- en/of politiesgemotiveerd was, waarvoor straf nou ongrondwetlik is;
- Jy skuldig bevind is aan 'n seksuele misdryf teen 'n kind of iemand met 'n verstandelike gestremdheid nie;
- Jou naam opgeneem is in die Nasionale Register vir Seksoortreders of die Nasionale Kinderbeskermingsregister, tensy jou naam uit hierdie registers verwyder is;
- Jy skuldig bevind is aan 'n ernstige misdryf waar die verpligte vonnis gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete is, soos roof, verkragting, moord en aanranding met die doel om ernstig te beseer.

Om aansoek te doen vir skrapping, moet jy die aansoekvorm invul wat in die Regulasies op die Strafproseswet voorsien word en dit indien by die Direkteur-generaal van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, tesame met:

- a) 'n klaringsertifikaat van die kriminelerekordsentrum van die Suid-Afrikaanse Polisie, uitgereik op 'n datum 10 jaar ná die skuldigbevinding(s) en vonnis(se); en
- b) bevestiging wat verklaar dat u naam uit die Nasionale Register vir Seksoortreders of die Nasionale Kinderbeskermingsregister verwyder is, sou u naam in enige van hierdie registers verskyn het.

Sien die 'Hulpbronne'-afdeling agter in hierdie handleiding vir meer inligting.

HULPBRONNE

Vir meer inligting oor parool en die wet, sien **Hoofstuk VI en VII van die Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998**, en die Gemeenskapskorreksiesblad op die Departement van Korrektiewe Dienste se webwerf by www.dcs.gov.za.

Vir inligting oor die skrapping van kriminele rekords en toegang tot aansoeke om skrappingsvorme, sien die Regulasies op die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, en die Departement van Justisie se webwerf by www.justice.gov.za/expungements.html. Jy kan hierdie skakel volg om die toepaslike skrappingsvorm af te laai: http://www.justice.gov.za/forms/form_expungement.html.

Regshulp Suid-Afrika is 'n liggaam wat deur Suid-Afrika se Wet op Regshulp, Wet 39 van 2014, tot stand gebring is om regshulp en regsverteenwoordiging te bied aan mense wat nie kan bekostig om vir regsverteenwoordiging te betaal nie. Hul nasionale tolvrynommer is **0800 110 110**, maar jy kan ook 'n bel-my-asseblief-boodskap stuur na **079 835 7179**.

Die **Openbare Beskermer van Suid-Afrika** is 'n onafhanklike instelling wat ingevolge Artikel 181 van die Grondwet in die lewe geroep is, met 'n mandaat om grondwetlike demokrasie te ondersteun en te versterk. Dit het die mag om onbehoorlike gedrag in alle regeringsake te ondersoek, te rapporteer en reg te stel. Die Openbare Beskermer moet toeganklik wees vir alle mense en gemeenskappe. Enigiemand kan by die Openbare Beskermer kla. **Hul nasionale tolvrynommer is: 0800 112 040**.

Die **Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie** is die nasionale instelling wat in die lewe geroep is om respek vir en beskerming van menseregte vir almal te bevorder. As jy diskriminasie op grond van jou kriminele rekord ervaar het, kan jy 'n klagte by hulle indien. Jy kan 'n aanlynvorm op hul webwerf kry by www.sahrc.org.za, of jy kan hulle bel by **011 877 3600**.

As jy 'n kliniek soek waar jy jou antiretrovirale medikasie (ART) kan kry, kan jy die **Nasionale Vigs-hulplyn** bel by **0800 012 322**.

Die **Departement van Gesondheid** beveel aan dat pasiënte eers hul klagtes aan die bestuurder van die betrokke hospitaal of kliniek rig. As hulle nie tevrede is met die bestuurder se reaksie nie, kan hulle die **Provinsiale Departement van Gesondheid se Klagtelyne skakel**:

Oos-Kaap	0800 032 364
Vrystaat	0800 535 554
Gauteng	0800 203 886
KwaZulu-Natal	033 395 3275
Limpopo	015 293 6000
Mpumalanga	013 766 3031
Noord-Kaap	053 830 0633 / 053 836 2700
Wes-Kaap	0860 142 142
Noordwes Provinsiale Regering	018 388 3456/4699

Organisasies en groepe wat ondersteuning bied aan mense wat voorheen gevangenes was:

- **Suid-Afrikaanse Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Herintegrasië van Oortreders (Nicro):** Nicro is 'n nasionale nie-regeringsorganisasie wat steun vir die herintegrasië van gevangenes en hul gesinne bied wat in die gevangenis begin en voortduur ná vrylating. Nasionale Hoofkantoor: 021 462 0017
- **Zonk'izizwe Odds Development (ZOD):** ZOD is 'n gemeenskapsgebaseerde organisasie wat 'n ondersteuningsgroep vir mense op parool en voormalige gevangenes in Dobsonville, Gauteng

bestuur. Hulle het nie 'n webwerf nie, maar jy kan hulle e-pos by zod.oddsdevelop@gmail.com of hulle op Facebook kry.

- **Regslui vir Menseregte (LHR)** bedryf 'n Strafhervormingsprogram wat in die lewe geroep is vir die beskerming van die regte van gevangenes en aangehoudenenes. Hulle poog om grondwetlike voldoening met betrekking tot die instel van straf, vonnisoplegging, onafhanklike oorsig en toestande van aanhouding te verseker. Hulle werk aan kwessies wat verband hou met oorvol tronke, onafhanklike oorsig en vonnishervorming. Vir meer inligting oor watter hulp hulle aan mense op parool kan verskaf, kan jy hul Kaapstadkantoor skakel by 021 424 7135.
- **Beyond the Bars (BTB), Sonke Gender Justice:** BTB is 'n ondersteuningsgroep wat begin is deur Sonke Gender Justice in Kaapstad vir mense op parool en voormalige gevangenes. Hulle hou vergaderings in Kraaifontein, Langa en Khayelitsha. Kaapstadkantoor: 021 423 7088
- **Prison Care Support Network** is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat in Kaapstad gebaseer is wat geestelike en emosionele sorg en ondersteuning aan gevangenes, mense op parool en hul families bied. Kaapstadkantoor: 021 531 1348
- **LifeLine** bied ondersteuning, berading en verwysings vir enigiemand wat persoonlike of geestelike gesondheidsprobleme ervaar. Hulle bied telefoniese berading (en met WhatsApp oproepe) 365 dae per jaar, asook gratis persoonlike berading op weksdae. Hulle het kantore in Johannesburg, Pretoria, Durban en Kaapstad. Hul nasionale nommer is **0861 322 322**. Hul WhatsApp-ooproepline is 063 709 2620 (Kaapstad) en 065 989 9238 (Johannesburg). Jy sal hulle ook **aanlyn vind** by: www.lifelinewc.org.za (Kaapstad), www.lifelinejhb.org.za (Johannesburg), www.lifelinedurban.org.za (Durban).
- **Operation Hope South Africa** is 'n internasionale organisasie wat finansiële geletterdheids- en entrepreneurskapprogramme vir jongmense en volwassenes bied. Jy kan hulle skakel of WhatsApp by **063 376 9152**, of stuur vir hulle 'n e-pos na **southafrica@operationhope.org**.
- **Cape Mental Health** is 'n organisasie sonder winsoogmerk in Observatory, Kaapstad, wat berading en steun aan mense met geestesiektes, insluitend depressie en bipolêre siekte bied, gewoonlik gratis. Kaapstadkantoor: 021 447 9040
- Die **Traumacentrum vir Oorlewendes van Geweld en Marteling** is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat in Johannesburg en Kaapstad gesetel is wat trauma-ondersteuning en berading aan individue, groepe en families bied. Kaapstadkantoor: 021 465 7373

- **Quirky30 NPC** is 'n maatskappy sonder winsoogmerk en openbare weldaadsorganisasie wat in Langa, Kaapstad, gesetel en deur twee voormalige gevangenes in die lewe geroep is. Hulle bied gratis opleiding in en die ontwikkeling van koderingsvaardighede, grafiese ontwerpvaardighede, asook sagte vaardighede en entrepreneursvaardighede. Kaapstadkantoor: 084 343 9290
- **The Message Trust** is 'n liefdadigheidstrust en Christelike openbare weldaadsorganisasie wat werk met jeugdige in Kaapstad wat die risiko loop om die pad byster te raak. Hulle doen dit deur 'n gevangenis-ondernemingsprogram, gemeenskapstransformasie, ondernemingsontwikkeling en die skeppende kunste. Kaapstadkantoor: 021 685 1535 of Gavin Wessels by 083 358 6778
- **Mid-Way Services** is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat opleiding bied in lewensafrioting om randstandige groepe, soos jeugdige wat die risiko loop om die pad byster te raak, mense wat voorheen in die gevangenis was, asook diegene wat van verslawing herstel en kwesbare gesinne te ondersteun. Kontak Jaun Truter: info@midway.org.za